

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 46**

**1 Desember 2024**

# VRYHEID

Vryheid beteken nie om volgens jou eie wil te leef nie
Hoe kan ‘n ware definisie van vryheid behels dat jy volgens jou eie wil lewe, terwyl jy ook bid: “Here, U wil geskied, nie myne nie?” Sien jy die teenstrydigheid? Sien jy die verskuilde lokval in dit wat ons politieke korrektheid of menseregte noem? Het ons soeke na vryheid nie ‘n afgod geword wat ons isoleer en in individualisme bind nie? Om geïsoleer te wees verskil hemelsbreed daarvan om afgesonder te wees. In Hebreeus beteken “afgesonder” om vir God geheilig te wees. Die wệreldse definisie van vryheid bevorder individualism. Die definisie van individualism: “n Sosiale teorie met die opvatting dat die individu slegs ter wille van homself bestaan, maw: “Ek sal doen wat ék wil.” In Hebreeus impliseer die woord ‘n eiegeregtigheid wat daartoe lei dat die bande van onderlinge liefde verbreek word sodat jy jou eie wil kan volg. As jy immers jouself wil laat geld, sal dit noodwendig die behoeftes en wil van ander ontken sodat jy jóú doel kan bereik. Dit breek die grondslag wat Jesus neergelệ het – om die Here jou God met jou hele wese lief te hệ en jou naaste soos jouself.
Een van die Hebreeuse woorde in die Bybel wat as vryheid vertaal word is de’ror. Dit het betrekking op ‘n land en sy burgers. De’ror beteken eintlik iets heeltemal anders as die woord “vryheid” waaraan ons gewoond is. Die direkte vertaling van de’ror is “die handeling om vry te maak/te laat”. Dit is ‘n woord wat gebruik is wanneer ‘n nuwe koning die bewind oorgeneem het. As deel van die amp wat deur die nuwe koning beklee is, sou hy verklaar dat alle skuld afgeskryf word. Sodoende is slawe van hulle meesters bevry sodat hulle sonder beperking onder die heerskappy van die nuwe koning kon lewe. Dit beteken nie dat daar nie onder die nuwe bewind geen wette was wat gehoorsaam moes word nie, maar dat alles wat mense in slawerny gehou het, kwytgeskeld is. Dus die definisie van vryheid: “Om bevry te word van dit wat jou verhinder om jou koning te dien.”
Die nuwe prentjie is een waar blokkasies wat jou verhoed om ons Koning te dien, verdwyn.
2 Kor 3:17 “ Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid.” Jy sien dadelik die waarheid van die Heilige Gees wat ons lei sodat ons ons Koning sonder enige hindernisse in gees en waarheid kan dien en aanbid – dit is ware vryheid!

## Dankie

Vir die vryheid wat Jesus vir ons bewerk het aan die kruis – vryheid van die mag van sonde!
Vir die vryheid om Jesus ons Koning te kan dien!

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat ons regering en almal in gesagsposisies in belyning met God se hart en doel vir Suid Afrika en sy mense en vir die nasies sal kom. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart. SA draai terug na God toe!
- Vir ons kinders, skoliere, en studente. In besonder vir die matrieks, studente en almal wat met eksamens besig is.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie — Danie Theron
- Annie Brink — Tannie Rina van der Vyver
- Jaco Steenkamp — Rudi Kruger
- Tannie Marinda Jordaan — Anna Chandler
- Johnny Viviers — Marlie Holtzhausen
- Annika Killian — Jaap Naudé
- Leonie Kruger — Willie Viljoen
- Jillian Jansen — Adri Carstens
- Adri Botha — Rina du Plessis
- Stefaans du Plessis — Jurie Matthee
- Nettie Badenhorst — Michelle Cowley
- Carin Wilsenach — Hannah Bylsma

**Ons innige simpatie met Hettie Snyman, die kinders, familie en vriende met die afsterwe van Louis!**

**Gedagte vir die week**

**Vryheid is om bevry te word van dít wat jou verhinder om jou Koning in gees en waarheid te kan dien en te aanbid.**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org